KLEINGROEPE



Ons het teen die einde van 2008 gekies om ‘n gemeente te wees waarin kleingroepe die boublokke is en daarom ‘n belangrike rol speel in die versorging en toerusting van ons lidmate. Dis in die kleingroepe waar ons leer wat egte Bybelse koinonia beteken en die vreugde (her)ontdek om die geloofsreis saam met ander gelowiges mee te maak. In ons kleingroepe skaaf ons mekaar om meer getroue volgelinge en beelddraers van Christus te wees.

Hoekom kleingroepe?

- Dis ‘n bekende feit dat kleingroepe nuwe lewe en geestelike groei bring.
- Die tyd waarin ons leef word gekenmerk deur toenemende eensaamheid en ‘n groeiende besef dat mens regtig nie sonder ander mense kan lewe nie.
- Daar is grootskaalse verbrokkeling van gesonde gesins- en familielewe en daarmee saam ‘n verskuiwing van die geloofsvorming van lidmate deur die samelewing en gesinsstruktuur na kleingroepe
- Kerke se grootste uitdaging is om aan mense warmte en intimiteit te bied. Gemeentes wat nie hiermee moeite doen nie, sal waarskynlik sukkel om die Here se opdragte (getuienis, diens van barmhartigheid, aanbidding, ens) uit te voer.

Nog beter redes vir kleingroepe!

- Dis ‘n reël wat Christene moet leer: Daar is dinge wat jy alleen kan doen, maar om te glo in Jesus Christus en te leef as ‘n navolger van Hom is nie een daarvan nie!
- Daarom speel kleingroepe so ‘n sentrale plek in Bybel:
    - Die Ou Testament (lees Deutr 6) lê groot klem op die rol van die familie en gesin as plek waar geloof gevorm word
    - As Jesus begin met Sy werk, kies hy eers ‘n kleingroep: die 12 dissipels
    - Die eerste gemeentes waarvan ons in die N.T. lees was meestal klein groepies mense wat in huise bymekaar gekom het.
    - Die “mekaar tekste” in N.T. onderstreep hoe verbonde gelowiges eintlik aan mekaar moet leef! Dien mekaar; eer mekaar, vermaan mekaar, gee om vir mekaar; aanvaar mekaar, vergewe mekaar, dra mekaar se laste; bemoedig mekaar, ens. Kan net saam met ander mense gedoen word. As ons ernstig is om die opdragte uit te voer, is kleiner eenhede in die kerk noodsaaklik.

Ons is oortuig dat kleingroepe 'n instrument kan wees waardeur God se genade en liefde ons op 'n besondere manier kan bereik: 5 dinge wat in kleingroepe gebeur:

1. **God belowe om self teenwoordig te wees** waar mense in sy Naam byeenkom.
2. Christus onderneem om nie met ons te wees nie, maar **om ons te help om stelselmatig die mense te word wat Hy bedoel het ons moet wees**, In groepe verander die Here mense! (Die Bybel gebruik graag woorde soos verlossing, redding, vernuwing, herskepping en wedergeboorte)
3. Die Heilige Gees se krag wat ons **gewillig kan maak en toerus om iets vir ander te beteken**. Die Here wl nie net by ons wees nie; Hy wil ook nie net in ons lewens inkom en ons verander nie, *Hy wil deur ons by ander mense uitkom*! Gesonde groepe verstaan dat jy nooit die Here se genade en liefde vir jouself mag hou nie, maar dat ons opgeroep word tot **dienswerk**!
4. Binne kleingroepe **bind die Here ons aan mense wat ons ondersteun en versorg**. Van die wonderlikste gawes van die Here ontvang ons as ons binne kleingroepe ontdek die Here het ons aan mekaar gegee om mekaar te versorg, te dra, te help, ja om saam te lag en te huil.
5. Die **Bybel** word aan groepe gegee as ons **bron van vastigheid en energie**.

(**Coenie Burger : *Bybestudiegroepe: Poorte van God se genade***)

Ons kleingroepleiers en hulle kontakbesonderhede is as volg:

Naam en van	Sel no	E-pos adres
Freddie Botha	082 325 4319	freddiebotha@telkomsa.net
Hanlie Cronjé	083 452 8478	ngvalleikerk@telkomsa.net
Debora Damant	082 872 1755	rdamant@awe.co.za
Bets Delport	082 864 1183	elmarie@mailbox.co.za
Riaan Joubert	082 829 2151	joeba@samedical.co.za
Karlo May	083 230 0618	kfmprod@telkomsa.net
David Müller	0832253899	davidmuller@telkomsa.net
Alwyn Naudé	082 558 9327	aps@naudebakste.co.za
Koos Pauw	082 898 8419	koospauw@telkomsa.net
Jannie Thiart	083 290 6808	pestelite@telkomsa.net
Rudolph Röscher	0836751315	rudolphr@elsenburg.com
Jéan Fouché	0728428208	jean@ddk.co.za
Johan Blomerus	0828297342	drblomerus@mweb.co.za
Philip Barnard	0845152468	philip@verifin.co.za
Fanie Engelbrecht	0823770087	fanie.mada@breede.co.za
Danita Griessel	0827114189	danitagriessel@gmail.com
Arco Harteveld	0828107887	arco.ansie@lando.co.za

Lizma Neethling	0832560623	nilima@telkomsa.net
Erika Stegmann	0721755117	estegman@toevlug.org.za
Naomi Theron	0846808054	nt@ntdesigns.co.za
Wallies Uys	0824118302	Wyuys@Distell.co.za
JP Vlok	0835666600	jpvlok@worcesternissan.co.za

Die temalied van die bekende TV-reeks “Cheers” vertel hoe mense op soek is na ‘n plek waar ander jou aanvaar, waar jy openhartig oor jou probleme kan praat, waar hulle jou by die naam ken en waar mense bly is om jou te sien! Die ironie is dat die plek waarvan “cheers” vertel, ’n kroeg is!

Sal dit nie wonderlik wees as ons gemeente ’n warm plek kan wees waar mense mekaar se name en behoeftes ken, waar ons eg mens kan wees en waar ander altyd bly is om jou te sien nie!